

[www.diehoopprojek.co.za/vigssentrum](http://www.diehoopprojek.co.za/vigssentrum)

## DIE AFRIKASENTRUM VIR MIV- EN VIGSBESTUUR

'n Inisiatief van die Universiteit Stellenbosch  
se HOOP Projek

UNIVERSITEIT-STELLENBOSCH-UNIVERSITY

HOOP  
PROJEK



Red lewens  
deur opvoeding  
en voorkoming




UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

## Doel van die inisiatief

Die Afrikasentrum vir MIV- en Vigsbestuur aan die Universiteit Stellenbosch (US) gebruik onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie om gedragsverandering aan te moedig en mense van MIV en vigs op die vasteland bewus te maak.

Dit is die wêreld se eerste en grootste akademiese program oor MIV- en vigsbestuur. Die Afrikasentrum volg 'n multidisiplinêre benadering wat mense toerus om die gedrags-, opvoedkundige, maatskaplike en kulturele faktore te hanteer wat die oordrag, voorkoming en behandeling van MIV en vigs in die werkplek sowel as die gemeenskap raak, en moedig só groter individuele verantwoordelikheid aan.

Die program het in 2001 tot stand gekom en het direkte aansporing van die destydse adjunkpresident van Suid-Afrika, Jacob Zuma, ontvang. Professor Jan du Toit, 'n dosent aan die US en huidige hoof van die program, en dr Olive Shisana, eerste Direkteur-Generaal: Gesondheid van die demokratiese Suid-Afrika, het die inisiatief met 'n aanvanklike kohort van 65 studente van stapel gestuur. Tans verskaf die Afrikasentrum vir MIV- en Vigsbestuur opleiding aan 482 studente (28% internasionaal, 99% swart en 60% vroue), uit 'n wye verskeidenheid hoëvlakberoepslui met 'n gemiddelde ouderdom van 43.



Die Sentrum bied die voorste Wêreldvigsdag-geleentheid in die land aan om massabewustheid van MIV en vigs te wek. In Desember elke jaar ontmoet die hooffigure vanuit die Suid-Afrikaanse mediese en kunstgemeenskappe, sake- en politieke-sektor, asook verteenwoordigers van nieregeringsorganisasies (NRO's) by 'n luisterryke produksie, wat ná die tyd ook op DVD beskikbaar gestel word. Daarbenewens word die boodskap oor MIV- en vigsopvoeding en voorkoming ook na duisende semigeletterde en arm landelike mense, sowel as maatskappye, skole, semistaatsinstellings en godsdienstige gemeenskappe versprei.

## Hoekom 'n skenking aan die Sentrum maak?

Die Afrikasentrum vir MIV- en Vigsbestuur bied 'n hoog aangeskrewe akademiese program aan vir senior bestuurders in die werkplek – van opvoeders en dokters tot verpleegkundiges en ander gesondheidsberoepslui. Deelnemers sluit ook in direkteure van gesondheid, onderwys en menslike hulpbronne, sowel as beroepslui van NRO's en munisipaliteite van oor die hele Suid-Afrika en verskeie ander lande. Die studente – wat 'n aantal verskillende tale praat, dog die program in Engels volg – gebruik 'n aanlynleerplatform en 'n satellietuitsaaistelsel, en woon somerskoolklasse by die US-kampus by. Die akademiese program maak hoofsaaklik op studentesuksesse en persoonlike bemerking staat om verder veld te wen. In die meeste gevalle vereis werkopdragte praktiese toepassing in die studente se onderskeie werkplekke, en spoor dus verandering in hul onmiddellike omgewings aan. Die akademiese program het oor die afgelope 10 jaar 'n geraamde 12 miljoen mense bereik deur die groot aantal gegradueerdes wat hul nuwe kennis in hul verskillende werkomgewings en gemeenskappe toepas.

## Oorsig van die inisiatief

Die Afrikasentrum se gemeenskapsinteraksie-komponent is ook uiters suksesvol. Deur opvoedkundige teater lig die Sentrum mense oor die siekte in, en moedig hulle aan om kondome te gebruik, monogamie te beoefen, hul van seks te onthou en vir die siekte te laat toets. Hierdie komponent van die Sentrum se werk geskied jaarliks deur die Suid-Afrikaanse “Artists for AIDS”-bewusmakingskonsert sowel as die Wêreldvigsdag-galaksentert. Dié twee geleenthede is die grootste en mees gevestigde MIV- en vigsbewusmakingsgeleenthede in die land. Die opvoedkundige teater is hoofsaaklik gemik op arm landelike en buitestedelike jongmense, en pas ’n streng moniterings- en evaluasie protokol op alle produksies toe. Die Sentrum spog tans met ’n baie hoë MIV-toetssyfer (70%+) onder diegene wat die teatervertonings bywoon. Dit het ook onlangs vennootskappe gesluit met die Wes-Kaapse en nasionale gesondheidsdepartemente, sowel as John Hopkins-universiteit in die VSA om gemeenskapsgesondheidsprojekte aan te bied.

Die Afrikasentrum is al met die Presidentsprys vir Gemeenskapsontwikkeling vereer vir hul werk in die Oos-Kaap vanaf 1999 tot 2004. Die Uitvoerende Direkteur van UNAIDS, Michel Sidibé, is ’n ereprofessor van die Sentrum – ’n medewerkereenheid van UNAIDS – en het professor Jimmie Earl Perry (die Sentrum se huidige Direkteur: Opvoedkundige Teater) as die eerste UNAIDS-welwillendheidsambassadeur in Suid-Afrika aangestel.

Die Afrikasentrum moet nou sy dienste uitbrei om die toenemende aanvraag te voorsien. Dít sal geskied deur die huidige studentesyfer te verdubbel om die Sentrum se broodnodige opvoedingswerk oor MIV en vigs, en die impak daarvan, voort te sit. Dié uitbreiding sal meer personeel en bykomende fasiliteite vereis.

- **Professionele ontwikkeling en opleiding:** Die Afrikasentrum se nagraadse diploma en magister-program verbeter die bestuur van MIV en vigs in die werkplek, en is gewild onder senior beroepslui in gesondheid en op bestuursvlak die wêreld oor.
- **Opvoeding en uitreikaksies:** Die opvoedkundige teaterproduksies – wat op die gedragsverandering- en gesondheidsmodel geskoei is – word gereeld voor Afrikaans- en Engelssprekende plaasgemeenskappe, munisipaliteite en skoolkinders opgevoer, terwyl stedelike gehore en beleidsbepalers weer op inspirerende musikale bewusmakingsproduksies getrakteer word. Albei bied nieveroordelende, vermaaklike, opvoedkundige en inspirerende boodskappe in ’n verskeidenheid van tale, en spoor gehore aan om oor MIV en vigs te begin praat en hulself te laat toets.
- **Navorsing:** Deur middel van akademiese programme en ander inisiatiewe fasiliteer die Afrikasentrum voorpuntnavorsing oor onderwerpe wat met MIV- en vigsbestuur verband hou.
- **Welweesopleiding:** Werknemers by sommige van Suid-Afrika se grootste staatsliggame en privaat maatskappye word opgelei in bewustheid en gesondheidsake in die konteks van MIV- en vigsbestuur.
- **Mentorskap en opvoeding:** Die Afrikasentrum help ook rolspelers in MIV- en vigs-organisasies in die burgerlike samelewing om hul basiese opvoedingsvaardighede op te skerp met ’n oorbruggingsprogram wat onder meer Wiskunde, Engels en rekenaaropvoeding insluit. Hiervoor put die Sentrum uit die Universiteit se administratiewe, akademiese en onderrigulphbronne.

- **Nuwe kompleks vir die Afrikasentrum op historiese Stellenbosch:** 'n Groter, meer doeltreffende fasiliteit word beplan om in die Afrikasentrum se behoeftes te voorsien. Fase 1, wat sowat R18 miljoen kos, is in 2012 voltooi. Fase 2 bestaan uit 'n kompleks ter waarde van R30 miljoen, met 'n auditorium wat as 'n volhoubare en produktiewe gemeenskapsentrum sal dien om die bestaande opvoedkundige teater in aan te bied. Gereelde gesprekke en aanbiedings oor MIV en vigs op sowel gemeenskaps- as hoër vlakke sal voorts in dié fasiliteit plaasvind. Strategiese vennote van die Sentrum sal ook hier kantore hê, wat dit uiteindelik 'n multifunksionele kompleks vir welwees, opvoeding en toetsing sal maak. Die huidige dienste sal aangevul word met toegang tot inligting en maatskaplike dienste om alkohol- en dwelmmisbruik en vrouekwessies te hanteer. Dié ontwikkeling sal selfs nouer betrokkenheid by die Sentrum se omliggende gemeenskap teweegbring en dus 'n sterker band tussen die Afrikasentrum en die gemeenskap bewerkstellig.

Die kompleks sal ook 'n ruim lesingsaal hê vir die nagraadse diplomakursus, waarvan die studentetal jaarliks toeneem.

Die nuwe Afrikasentrum sal geriewe soos konferensie- en klein vergaderlokale sowel as veilige ondergrondse parkeering insluit. Dié fasiliteit, met sitplek vir 300 mense, sal na verwagting homself kommersieel onderhou en as ruimte dien wat ander NRO's en vennote vir ekonomiese ontwikkeling kan aanwend.

## Skenkingsgeleenthede

### Beleggers kan uit die volgende skenkingsgeleenthede kies:

- Naamgewingsregte vir 'n direkteurskap in MIV- en vigsbestuur.
- Beurse vir studente om die nagraadse diploma- of magisterprogram te volg, sowel as vir voortgesette navorsing.
- Naamgewingsregte vir enige van die fasiliteite in die nuwe Afrikasentrum-gebou.

### Die volgende is finansieringsprioriteite:

- Die uitbreiding van die opvoedkundige teater, nie net vir MIV- en vigsbewusmaking nie, maar ook om bewustheid van drank- en dwelmmisbruik, en vroue en kinder kwessies te skep in die landelike gebiede van Suid-Afrika, waar die omgangstaal merendeels Afrikaans is.
- Bedryfsteun vir die huidige werksaamhede van die opvoedkundige teater sowel as vir uitbreidingsinisiatiewe, onder meer salarisse vir die akteurs as deel van die Sentrum se werkskeppings- en vaardigheidsontwikkelingsprojekte.
- Die beplanning, ontwerp en bou van fase 2 van die Afrikasentrum-kompleks.
- Meubels vir die Sentrum en elektroniese toerusting vir die auditorium.

## Die verhaal van Lucky the Hero!

Dis 'n koue en mistige dag in Allandale, 'n lae-inkomstetownship naby die plattelandse dorp Paarl. Om 08:45 stap sowat 50 vroue en kinders senuagtig-opgewonde na die ontspanningsentrum, waarheen Suid-Afrika se Nasionale Departement van Maatskaplike Dienste en die Universiteit Stellenbosch se Afrikasentrum vir MIV- en Vigsbestuur hulle genooi het. Met 'n minimusiekblyspel, toebroodjies en koffie sowel as 'n vraag-en-antwoordsessie, beloop die oggend om vermaaklik én insiggewend te wees.

*Lucky the Hero!*, is 'n 35 minute lange opvoedkundige vertoning waarvoor die Afrikasentrum se professor Jimmie Earl Perry die navorsing, skryfwerk, produksie en regie behartig het. Dit is reeds die afgelope ses jaar op die planke met 'n span akteurs wat ook as portuuropvoeders in MIV en vigs opgelei is. Die produksie is al voor skool-, kerk-, maatskappy-, semistaatsinstellings- en plaasgehoore van 40 tot 1 300 lede opgevoer. Die grootste gehoor tot dusver was 1 800 lede sterk met die Menseregtedagvieringe van 2011 in Vrygrond, 'n arm gemeenskap naby Muizenberg in die Wes-Kaap.

*Lucky the Hero!* is 'n pasgemaakte vertoning vir Wes-Kaapse gemeenskappe, en is op die model van gesondheidsgedragsverandering geskoei. Monitoring en evaluasie vind voor sowel as ná elke vertoning plaas om te bepaal wat die gehoor geleer het en of dit hulle oorreed het om hulself te laat toets. By die meeste vertonings bied die Sentrum se vennootverskaffers gratis fasiliteite vir vrywillige berading en toetsing aan. “Miljoene vroue, kinders en ouer mans het geen benul dat hulle ten spyte van MIV steeds 'n vervullende lewe kan lei, dat hulle kan nee sê vir riskante seksuele gedrag, of selfs dat daar iets soos MIV/vigs bestaan nie,” sê Jane Abrahams, Koördineerder: Opvoedkundige Teater.



*Lucky the Hero!* is die verhaal van 'n man in 'n plaasgemeenskap wat positief toets vir MIV, en sy beste vriend, Tokkie, daarvan vertel. Toe sy drinkebroer hom ewe skielik begin verlei, kry Lucky berading en antiretrovirale behandeling by die plaaslike kliniek, en besluit om standpunt in te neem en in sy stigmasbehepte gemeenskap 'n superheld teen MIV en vigs te word. 'n Radio-omroeper voorsien feitelike inligting oor MIV en vigs, terwyl die gehoor die verhaal van die beste vriend se seksuele avonture en die "No Problems"-plaasgemeenskap volg. Aan die einde dring die werklikheid oor MIV en vigs tot die gemeenskap deur, begin dink hulle anders om die siekte as iets ernstigs dog oorkombaar te beskou, en word Lucky en Tokkie se vriendskap herstel. Tokkie stem in om sy riskante gedrag te laat vaar, en die gemeenskap staan uiteindelik saam om die pandemie te oorwin.

Die stuk is vol seksuele insinuasies wat grappig, windmakerig en kleurryk aangebied word. Bekende popwysies met nuwe lirieke om die verhaal te ondersteun en sterk boodskappe oor te dra, is behendig hierby ingewerk. Die gehoor klap hande, lag, sing en neem

opgewonde deel, met die genot duidelik op hul gesigte te sien. Die produksie is in alle opsigte professioneel, met klank, dekor, toneelspel en sang van uitstaande gehalte. Wanneer die gehoor oor die opvoering uitgevra word, is die algemene antwoord dat hulle dit terdeë geniet het, nou MIV en vigs beter verstaan, en hulself sal laat toets.

Volgens data wat die Afrikasentrum ingesamel het, is sommige kinders in arm, Afrikaanssprekende, landelike boerderygemeenskappe al teen agtjarige ouderdom seksueel aktief. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n gebrek aan ekonomiese sekuriteit, grootwordjare in 'n omgewing waar verskeie gesinne (soms tot vier of vyf) in een huis saamwoon, en weinig bymekaarkomplekke met positiewe, aktiewe programme vir jongmense. Niks in hierdie gemeenskappe kan geïsoleerd beskou word nie: MIV en vigs is ineengestremtel met seksuele promiskuiteit (gewoonlik vir geld), wilde alkohol- en dwelmmisbruik, en bende-betrokkenheid. Die siekte slaan sy kloue so wyd in dat dit, buiten toetsing, ook multidissiplinêre optrede verg. Die goeie nuus is dat jongmense al hoe meer bewus word, betrokke wil raak en by groepe wil aansluit om hulself positief te ontwikkel.



## PROJEK:

Prof Jan du Toit  
Direkteur: Afrikasentrum vir MIV- en Vigsbestuur  
Universiteit Stellenbosch  
STELLENBOSCH  
Suid-Afrika

Tel: +27 21 808 3006  
Sel: +27 83 626 3082  
E-pos: jbd@sun.ac.za

[www.aidscentre.sun.ac.za](http://www.aidscentre.sun.ac.za)

## SKENKINGS, DONASIES, BORGSKAPPE:

Me Annamia van den Heever  
Direkteur: Ontwikkeling  
Universiteit Stellenbosch  
STELLENBOSCH  
Suid-Afrika

Tel: +27 21 808 4895  
E-pos: avdheever@sun.ac.za

[www.diehooprojek.co.za/vigssentrum](http://www.diehooprojek.co.za/vigssentrum)



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

## 'n Inisiatief van die HOOP Projek

Die Afrikasentrum vir MIV- en Vigsbestuur is 'n inisiatief van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek wat hom wend tot die wetenskap om van Afrika en Suid-Afrika se grootste uitdagings op te los. In wese dien dit as vertoonvenster vir sleutelonderrig en –navorsing wat in mense se behoeftes voorsien en 'n beter toekoms help skep. Terselfdertyd bou dit 'n akademie sterk en relevante Universiteit met 'n diepgewortelde tradisie van uitnemendheid.

Deur sy HOOP Projek steun die Universiteit Stellenbosch vyf gekose prioriteite op die internasionale ontwikkelingsagenda, naamlik die uitwissing van armoede en verwante toestande; die bevordering van menswaardigheid en gesondheid; die bevordering van demokrasie en menseregte; die bevordering van vrede en veiligheid (ook voedselveiligheid); en die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n kompeterende nywerheid.

Elk van die inisiatiewe van die HOOP Projek ondersteun een of meer van hierdie temas. Die Afrikasentrum vir MIV- en Vigsbestuur bevorder menswaardigheid en gesondheid sowel as menseregte, maar ondersteun ook 'n kompeterende industrie deur sy onderrig en navorsing oor die impak van MIV en vigs op die werkplek. Die Sentrum se werk is 'n uitstekende voorbeeld van hoe die Universiteit se akademiese kundigheid die gemeenskap tot voordeel strek en nasionale en internasionale uitdagings die hoof bied.

[www.diehooprojek.co.za](http://www.diehooprojek.co.za)